# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

deelneem

**UITGAWE 197 · 24 JANUARIE 2020**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Na die eerste week van skool wat redelik glad verloop het, wil ek egter net die volgende onder u aandag bring.

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

As 'n omgee-skool wil ons graag alle leerders gelukwens met hul prestasies wat buite skoolverband behaal word. Daarom moet u alle buiteprestasies na mnr. Christo Scriven stuur (cscriven@framesby.co.za) en sluit die skoolhoof daarby in (mgermishuys@hotmail.com). Dit is vir ons belangrik om ook aan hierdie leerders erkenning te gee.

VERKEERSREËLINGS

Ons wil u as ouergroep vra om ons in die volgende aspekte behulpsaam te wees:

1. Ons wil versoek dat u die spoedgrens in die gebied en strate om die skool eerbiedig. U sal saamstem dat ons nie graag 'n situasie wil beleef waar een van ons in ons skoolgemeenskap of die breër gemeenskap onnodig in 'n ongeluk betrokke is nie.

2. Ons het leerders wat in die middae van busvervoer gebruik maak. Daar is egter ouers wat op die busparkeerplekke in Willowbystraat parkeer. Dié parkeerplekke is teen die skool en nou word die leerders gedwing om die pad te moet kruis.

3. Ouers stop soggens en middae dwars voor die hoofingang, oor kruisings, voetoorgange, voor sommige hekingange en inwoners se opritte. Dit bring 'n verkeersopeenhoping mee en affekteer mede-padgebruikers. Let asseblief op waar u stilhou en hoe u stilhou die verkeer beïnvloed.

4. Daar is ouers wat leerders aan die verkeerde kant van die pad aflaai en teen die verkeer stilhou. Dit bring mee dat leerders teen die pad uit voertuie moet klim. So stel u u kind in gevaar aangesien hulle baie maklik deur ander voertuie beseer kan word. Beplan asseblief u aflaaipunt en ry verkieslik óm die skool om u kind veilig af te laai.

5. Wees bewus van leerders wat tussen voertuie beweeg en ook ander voetgangers wat op verskeie plekke wag om strate te kruis.

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**SATERDAG**
GEEN

**SONDAG**
Jared Miller Gr10

**MAANDAG**
GEEN

**DINSDAG**
Luwagean Goliath Gr9
Willem jv Vuuren Gr8

**WOENSDAG**
Crystal de Beer Gr9
Estian Gericke Gr8

**DONDERDAG**
Xavier Massyn Gr8
Johan van Biljon Gr12
Mari-Lee vd Westhuizen Gr8

**VRYDAG**
Tiaan Erskine Gr12
Aidan Gericke Gr9
Chloe Willis Gr9

## BELANGRIKE DATUMS

**28 Februarie 2020**
Gr8 2021 aansoeke open

**7 April 2020**
Bekendstellingsaand

**10 Novemeber 2020**
Gr8 Inligtingsaand

Stuur asb alle buiteskool-prestasies na Mnr. Scriven **cscriven@framesby.com** en sluit die skoolhoof in **mgermishuys@hotmail.com**

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR**

SUNRIDGE VILLAGE
where everybody knows your name

**Sunridge Village Shopping Centre**

**Sunridge Village · Centre Management 041 360 9442**

6. Leerders wat toestemming het om met motorfietse skool toe te kom, moet op die spasie soos deur die skool bepaal, stilhou. Hulle mag nie voor die skool parkeer nie.

7. Leerders wat met motorfietse ry, moet van valhelms gebruik maak.

AKADEMIE

U is bewus dat ons Woensdag met ons eerste Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid toetse begin het. Ons glo dat dit met elke kind goed gegaan het. Ons doen ‘n beroep op u om toe te sien dat u kind goed voorbereid is vir hierdie toetse om sodoende sy/haar beste te gee. Alle ekstra klasse begin op 3 Februarie.

ATLETIEK

1. Eerskomende Vrydag, 24 Januarie 2020, is die Interhuis-atletiek. Dit is ‘n doodnormale skooldag waar die leerders om 07:30 met ‘n voogklas begin en die skool om 13:00 sal sluit. GEEN leerder mag die skoolterrein voor 13:00 verlaat nie.

2. Leerders moet die korrekte drag aanhê: hul Huis Krit- en Huis Vis-hempies saam met hul skoolsweetpakbroek. Indien hulle nie oor die spesifieke hempie beskik nie, moet hulle ‘n blou hempie (Huis Vis) of maroen hempie (Huis Krit) aanhê. Skakerings van hierdie hemde, sal ook toegelaat word. Indien hulle nie oor die skoolsweetpak beskik nie, kan hulle die sportklere van die skool aantrek. GEEN JEANS is toelaatbaar nie.
   Ouers sal gedurende die dag slegs van die Willowbysingel-ingang (ingang by parkeerarea by nuwe gebou) gebruik kan maak. Hekgelde van R20 per volwassene en R10 per kind (Framesby-leerders uitgesluit) is betaalbaar.

3. Indien u ‘n leerder vroeër wil neem, moet u skriftelike toestemming, tydens die byeenkoms, by mnr. Rauch kry. Ons maak staat op u samewerking in dié verband.

4. Daar sal tydens die voogklas register geneem word. Indien ’n leerder egter Vrydag afwesig is, is hy/sy se afwesigheid u verantwoordelikheid.

HANDBOEKE

Ons doen ‘n vriendelike beroep op alle ouers om te sorg dat u kind teen 3 Februarie al hul handboeke het.

SPORT

Ouers is welkom om oefeninge by te woon, maar respekteer asseblief die volgende:

(a)Hou ‘n redelike afstand van die oefenveld. Dit is belangrik dat afrigters hul werk kan doen - in baie gevalle sonder betaling.

(b) Vermy aanmerkings teenoor spelers. Dit is ànder ouers se kinders.

(c)Vermy aanmerkings teenoor die afrigters. Geen afrigter gaan veld toe om spelers te benadeel nie.

(d) Vermy negatiewe lyftaal wat as afbrekend deur afrigters en spelers beskou kan word.

(e) Spankeuses is die afrigters se voorreg. Ondersteun hulle hier in. Ons kan nie daarby inmeng nie en het bekwame afrigters betrek om te help.

Indien u u aan bogenoemde skuldig maak, is u ‘n verleentheid vir u kind wat dit nie verdien nie. Indien daar wel ‘n probleem is, kontak my en ons sal na u luister. Onthou egter dat dit slegs ‘n sport is.

Vriendelike groete
Mnr. M. Germishuys

SUNRIDGE
VILLAGE
where everybody knows your name

Sunridge Village · Centre Management 041 360 9442

# FRAMESBY IS TROTS OP...

## UITSLAE VIR DIE WEEK

**Tweekamp:**
Ons het 23 atlete wat in provinsiale spanne opgeneem is. Hulle gaan aan die interprovinsiale byeenkoms op 1 Februarie in Oudtshoorn deelneem. Die volgende leerders is in die A-span opgeneem: Juwan Wium (o/13), Jean Kolesky (o/13), Hugo Nothnagel (o/15), Wehan Smith (o/17), De-Leon Strydom (o/19), Zanri Black (o/15), Anke Scheffer (o/17) en Karla Scheffer (o/19).
Die volgende leerders is in die B-span opgeneem: Francois Vosloo (o/15), Terrence Oelofse (o/17), Zack Serfontein (o/17), IP van der Merwe (o/19), Ilze Hattingh (o/15), Anel Strauss (o/15), Elmien Hartslief (o/17), Elzarie van Niekerk (o/19) en Melissa Hamilton (o/19). Die volgende leerders is in die ontwikkelingspan opgeneem: Logan Muller (o/15), Rohan van der Merwe (o/17), Tiaan Black (o/17), Elanca van Jaarsveld (o/15), Mienke Deyzel (o/15) en Simone Louw (o/15).

**Krieket:**
Framesby o/15 A vs Union High (T20-Wedstryd). Framesby: 137 / 7. Beste kolwers: Robert Capes 28 en Jaden Landman 23. Union: 52 almal uit. Beste boulers: Teagon Lidwig 3/8 en Zandré Delport 3/13. Framesby wen met 85 lopies.

Framesby 1ste vs Union High (T20-Wedstryd). Union: 89/6 na 20 beurte. Beste boulers: Tiaan Black 1/9 en Tiaan Gouws 1/13. Framesby 93/4 na 16.3 beurte. Beste kolwer: Corné Ferreira 44 en Wian Hanekom 24. Framesby wen met 6 paaltjies.

**Skaak:**
Tiaan de Beer, Graad 10A, het die Oostelike Provinsie onder die vaandel van Nelson Mandela Bay Chess Union (NMBCU) by die jaarlikse Nasionale Skaakkampioenskappe (SAJCC) verteenwoordig.

Hy het sedert 2013 die NMBCU reeds ses maal by hierdie jaarlikse toernooi verteenwoordig. Tydens die geleentheid ding die ondeskeie streke op nasionale vlak mee. Tiaan het vir die 0/16 A-span (bord 9) in die A-afdeling gespeel. Hierdie afdeling het uit die ag beste 0/16-spanne in die land bestaan. Tiaan se span het vyfde geëindig, waarop ons baie trots is.

Tiaan het vier van die sewe rondtes gewen en so die tweede hoogste hoeveelheid punte van die spelers in sy span behaal.

## ·PROGRAM VIR DIE KOMENDE WEEK·

| SATERDAG 25 JAN | SONDAG 26 JAN | MAANDAG 27 JAN | DINSDAG 28 JAN | WOENSDAG 29 JAN | DONDERDAG 30 JAN | VRYDAG 31 JAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| · Seunskrieket: Kingswood College 1ste en 0/15(W). 2de en 0/14 (T)<br>· Atletiek Liga 1 | | · Nuwe oueraand Gr8-12<br>· Ghofliga | · Redenaarsklub<br>· Dogterskrieket VP (T) | | · Atletiek Sone byeenkoms<br>· Dogterskrieket VP (T) | · Matriekdag |

SUNRIDGE VILLAGE
where everybody knows your name
Sunridge Village · Centre Management 041 360 9442

# *Hoërskool Framesby*

# DOEN DIT WEER!

**Framesby is baie opgewonde oor die goeie uitslae en is besonder trots daarop dat meer as 80% van die leerders verbeter het op die punte wat hulle tydens die Voorbereidende Eksamen in September 2019 behaal het. Baie geluk aan die matriekklas van 2019 met hul uitslae!**

**75%** Van die kandidate kwalifiseer vir Baccalaureus-graadstudie!

**13** Leerders het 'n gemiddeld van 80% en hoër in die eksamen behaal.



**EZA FERREIRA**
7 ONDERSKEIDINGS



**KARA VAN HEERDEN**
7 ONDERSKEIDINGS



**ELNÉ VOSLOO**
7 ONDERSKEIDINGS



**CARLI VAN ONSELEN**
6 ONDERSKEIDINGS



**TWANÉ ANDERSON**
6 ONDERSKEIDINGS



**GERRIDA STADLER**
6 ONDERSKEIDINGS




**SIMOUN JACOBS**
5 ONDERSKEIDINGS



**JOHANN POSTMA**
5 ONDERSKEIDINGS



**DEIDRI ODENDAAL**
5 ONDERSKEIDINGS



**JAYDEN TERBLANCHE**
5 ONDERSKEIDINGS



**CHARLIE HART**
5 ONDERSKEIDINGS



**TIAAN BOTHA**
4 ONDERSKEIDINGS



**KAYLIN VORSTER**
4 ONDERSKEIDINGS



**NINA WOITHE**
4 ONDERSKEIDINGS



**NICOLE STEENKAMP**
4 ONDERSKEIDINGS

*Waar potensiaal verwesenlik word!*

SUNRIDGE VILLAGE
where everybody knows your name

Sunridge Village · Centre Management 041 360 9442

SUNRIDGE

VILLAGE

where everybody knows your name!

Where to find us:
Kragga Kamma Road, Sunridge Park

www.sunridgevillage.co.za